# Die Byekorf

2017/04/19 Standerton Akademie

13/17

Geagte ouers, welkom terug by Standerton Akademie aan die begin van die tweede kwartaal. Ons glo en vertrou dat u 'n geseënde rustyd saam met u gesinne geniet het en dat u opnuut ervaar het dat ons werklik 'n God van wonders dien. Glo u het 'n geseënde Paasfees geniet.

## SA's Atletiek

Baie geluk aan ons 23 atlete wat aan die BCVO Landswye Atletiekbyeenkoms deel geneem het. Ons is ongelooflik trots op hierdie kinders met hul puik prestasies.

Standerton Akademie verwerf tydens die byeenkoms **6 goue medaljes**: Paul-Pieter Kotze, Nadia Cronje, Alexander Meyer, Lara Pretorius, Duan Burger en Johanco Griesel.



Ons verwerf ook **8 silwer medaljes**: Alexander Meyer, Johann Schoonraad, Carel Hancke, Duan Burger, Danielle Hattingh, Wium Burger, Tihardt Burger en Tristan Baker.

Asook **7 brons medaljes**: Alexander Meyer, Maritz Hancke, Lara Pretorius, Ethan Pretorius, Duan Burger, FJ Lötz en Léan Geldenhuys.

'n Totaal van 21 medaljes tydens die SA kampioenskappe is nie net vir ons skool 'n nuwe rekord nie, maar 'n bewys dat ons leerlinge op atleitekterrein geweldig ontwikkel. Sien SA foto's op D6 onder foto's.

### Veldskool en Leierskamp

Sterkte aan al ons Graad 6 en 7 leerlinge wat volgende week vanaf Maandag tot Woensdag die kamp te Kwasinungu gaan bywoon. Ouers hierdie is nog 'n geleentheid wat ons skool vir ons kinders skep vir ontwikkeling.

### Neem kennis:

Volgende naweek is 'n langnaweek, daar sal geen skool Donderdag, 27 April, Vrydag, 28 April en Maandag, 1 Mei wees nie.

### Perdry

Sterkte aan Danje Pretorius wat volgende week in Bloemfontein deelneem aan die perdry skou. Danje ons weet sommer dat dit goed sal gaan met jou.

### Rugby en netbal kliniek en proewe

Sterkte aan al ons seuns en dogters wat vanaf Donderdag tot Saterdag te Groblersdal die onderskeie klinieke gaan bywoon en dan in besonder sterkte met die proewe Saterdag. Ouers wie se kinders gekies word in die Oos-Transvaal span word uitgenooi om 'n vergadering op Maandag, 24 April om 12:30, in die personeelkamer by te woon. Hier sal 'n rooster opgestel word rondom die rybeurte vir die onderskeie oefeninge.

### Voorstelle, klagtes en insette houer

U word herinner dat die houer weer oop is vir enige voorstelle hierdie kwartaal. U kan u bydraes lewer tot en met 13 Mei wanneer die houer sluit. 'n Ouerinligtingsaand vind dan plaas op 17 Mei waar die onderskeie portefeuljevoorsitters u die geleentheid sal gee om hierdie voorstelle te bespreek.

**Fondsinsamelingsprojekte**

Ouers neem kennis van die volgende belangrike datums: (dit verskyn ook op die D6 by kalender)

Kaas en Wyn aand – 9 Junie

Val Hekke – 5 Julie

Gongskietdag – 5 Augustus

Kultuurfees – 5 Augustus

Andries Vermeulen – 19 Augustus

Noot vir Noot – 14 Oktober

Dans. Dans. Dans. Dans.!!!???XXX+++

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 19 April tot 25 April verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 21 April : Lara Pretorius<br>24 April : Petrus van der Westhuizen | 19 April : Lynette Burger<br>19 April : Jaco Gerber<br>21 April : Charnel Geldenhuys<br>22 April : Wimpie Cronje<br>23 April : Willie Griesel<br>23 April : Pieter Kotze |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

S. Swanepoel